**Deur Jesus Christus het God sy genade in oorvloed aan ons geskenk**

**Lees: Romeine 5: 12 – 21       Teks: Romeine 5: 15**

Paulus begin hierdie hoofstuk van Romeine met die woorde: "God het ons nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus."

Paulus lei die gemeente in Rome om te besef dat hulle sondaars is. Hy doen dit tot en met hoofstuk 3: 20. Daarna lei Paulus hulle om te besef dat daar genade vir hulle in Christus is. Die vryspraak kom deurdat ons in Christus glo.

Om hierdie punt te illustreer, tref Paulus 'n baie mooi vergelyking tussen Adam en Christus. Deur die loop van ons voorgelese gedeelte sien ons hoe Paulus die woorde: MAAR, SO en SOOS gebruik. Al hierdie woorde dui aan hoedat Paulus die verskil tussen Adam en Christus maak.

Die punt rondom Adam is duidelik: "Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het." (v12). Wat Paulus hierdeur vir ons wil sê is dat deur Adam se sonde het hy die ganse mensdom in sonde gedompel. Dit het gemaak dat die wortel van die mense sleg geword het, en daarom dra die mens net slegte vrugte in die lewe.

Die feit dat die mens se wortel dan sleg is, maak dat daar slegte nagevolge is: die dood, oordeel, ongehoorsaamheid en totale verlorenheid van die mens. Dit is baie duidelik dat daar deur die mens geen manier is vir verlossing deur homself nie, en geen manier hoedat die mens enigiets kan doen wat reg is in die oë van God nie. Sy wortels is sleg en kan alleen slegte vrugte dra.

Die Bybel en hierdie gedeelte is duidelik. Dit lei tot die ewige dood en 'n lewe ver van God af. Dit lyk na 'n treurige toekoms vir die mens indien daar geen verandering is nie.

Daarom kom Paulus in hierdie gedeelte en tref die vergelyking tussen Adam en Jesus Christus. Christus kan gesien word as die tweede Adam. Woorde van vergelyking word gebruik om die teenoorgestelde aan te dui. Nou word die volgende woorde gebruik: lewe, vryspraak, genade en gehoorsaamheid.

Die wonder van alles is dat dit moontlik gemaak is deur Jesus Christus. Hy het aarde toe gekom om reg te maak dit wat in Adam verkeerd geloop het. Hy het die geleenthied gegee vir ons om ingeënt te word op die goeie wortels (Rom. 11: 17) en nou kan ons as nuwe mense goeie vrugte dra.

Dit word alleen gedoen deur die geloof. Paulus leer in hoofstuk 3 dat die vryspraak alleen deur die geloof te kry is.

En wat Paulus nou by sy lesers probeer bereik is om hulle te troos daarin dat daar juis ‘n uitkoms is uit hierdie lewe wat na niks lei nie.  Inteendeel lei die lewe van die gelowige tot ‘n lewe van oorvloed.

Die oorvloed handel oor die geweldige seën wat ons ontvang, die lewe na die dood, die bystand en hulp van die Heilige Gees, die versekering wat ons ontvang as kinders van die Here dat ons nie in die steek gelaat word nie.  Ons lees daarvan in Romeine 8.

Dit behoort my en jou te vul met geweldige vreugde omdat die Here al hierdie dinge vir ons gedoen het en moontlik gemaak het deur sy liefde in Christus.

Ons kan nie anders as om in dankbaarheid te reageer nie, deurdat ons onself as lewende, heilige en aan God welgevallige offers te gee nie sodat ons Hom met eerbied en respek kan dien en sy Naam vir ewig verheerlik.

**Ds. Neville Boy**
**4 Februarie 2018**